

**30 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 138**

**Fokusgedeelte: Psalm 138:3,7,8 (NV)**

### **Met die Here alleen die toekoms binne**

Die mens se lewenspad kan soms voel soos 'n baie hoë berg wat ons uitgeklim het. Bo-op die kruin van die berg kan ons terugkyk op die pad soos wat ons gekom het, maar ons kyk ook rondom ons en na dit wat voor ons uitgestrek lê.

Dawid kom onder leiding van die Heilige Gees tot hierdie verstommende belydenis: "Ek wil U met my hele hart loof. Laat die gode maar hoor; dit is tot U eer dat ek sing." Dawid kan terugkyk op 'n lewe vol ontberings en smart. Hoe dikwels moes hy nie vir sy lewe vlug en in spelonke skuil nie! Hy was skuldig aan moord en sedeloosheid en moes sy liefdeskind aan die dood afstaan! Tog kom hy tot dié belydenis van lofprysing.

God het hom nooit vergeet of verlaat nie en nou dank hy die Here vir al die seëninge wat hy ontvang. By hom is daar op hierdie stadium geen gedagte aan sy swaarkrydae nie. Hy dink net aan die seën, genade en liefde wat hy van die Here ontvang het. Dit is die oorweldigendste gedagte by hom.

As hy in vers 7 die woord "as" gebruik, is dit 'n "as" vervul met vertroue en nie van benoudheid en twyfel nie. Dit is met groot blydschap in sy hart dat hy die Here wil loof en prys. Die woorde kom uit die diepte van sy hart en is nie net blote lippetaal nie.

Ons Verlosser was ook telkens in 'n donker spelonk – Hy is gehaat en geminag. Hy het vernedering aan Sy lyf gevoel. Hy het die donkerste uur beleef toe Hy van God verlate gevoel het en helse pyn en smart beleef het. Soos Dawid was daar geen enkele verwyte oor Sy leed nie. Daarvoor hoef ons maar net na die sewe kruiswoorde te luister.

In en deur Jesus Christus en deur die kragtige werking van die Heilige Gees in ons kan en sal ons staande bly. Hy plaas ons op 'n rots waar dit hoog en styl is. Ons kan verby ons benoudhede kyk en sy seënende hand altyd raaksien. Hy sal vir ons alles ten goede laat meewerk. Dit is 'n belofte wat vas en seker is en waaraan ons kan vashou. Hy sal nooit laat vaar die werke van Sy hande nie. Hy het ons geskape en sal ons vir ewig regop hou.

*Sing: Psalm 138:1,4 Ds MPA Venter (Keetmanshoop/Karasburg)*